# Rietvallei

## Zelpy Fishing and Game Resort

# Rietvallei – Zelpy – 19 tot 21 Januarie 2024

Daar was baie twyfel in my gemoed oor die naweek as gevolg van al die baie reën wat dit vooraf gegaan het. Maar as die kampgelde reeds betaal is, is kop uittrek maar min. Soos gebruiklik was 'n paar Rietvalleiers reeds goed ingeburger toe ons (ook 'n dag vroeër) op Donderdag die 18de, daar opgedaag het en teen die aand was 4 woonwaens al staan gemaak. Die res van die groep het drupsgewys op Vrydag daar opgedaag. 'n Totaal van 13 waens van Rietvallei en 1 gas het die naweek mee gemaak. Dit was weer lekker om ons Voorsitterspaar, Pieter en Magdaleen, in ons midde te kon verwelkom. Die gaste was Francois en Naomi van Streek Roodekruin. Francois is tans die Streek se Voorsitter en Naomi is Sekretaris van Gebied Jakaranda. Ons vertrou dat hulle die naweek saam met ons streek geniet het.

Teen 3 uur het Tersia Fourie ons getrakteer met heerlike versnaperings, ter viering van haar verjaarsdag. Ons het soveel daaraan gesmul dat die aandprogram met 'n uur uitgestel moes word.

Na boekevat (deur Sieg), het die gratis pap en sous (opgedis deur Annatjie en Marietjie) groot byval gevind saam met die mini-saambraai, soveel sò, dat van ons lede die volgende oggend weer daarvan vir ontbyt genuttig het. Slegs 'n klein donasie is gevra, en die opbrengs daarvan is geskenk aan die streekskas. Vir Saterdagoggend was daar 'n staptog (teen "pensioenaris afslag") in Zelpy se wildspaas (enkele kilometers vanaf die woonwapark), gereël. Teen 7 uur die oggend het 8 kranige stappers, in lekker verfrissende koel weer, die 6 kilometer-roete aangepak. Ons het 'n menigte blesbokke, blou-wildebeeste en zebras gesien en ons uithouvermoëns is deeglik getoets in die berg-gedeelte van die roete. Die res van die dag is op ons eg-Rietvallei manier deurgebring, met oor en weer kuiers en die gebruiklike buurman-braai in die aand.

Sondag-oggend het Magdaleen, op haar unieke  en eg-besielende wyse, aan ons die boodskap van "ware" hoop verkondig. Daarna was dit weer Pieter se beurt om 'n paar toekennigs te oorhandig, soos ondermeer Die "STOMP" van die jaar 2023, wat nou sy tuiste in Helena van Zijl se woonwa inneem, asook "baie kamp" plaatjies, huweliksherdenkings. Verjaarsdae (sommer baie van ons lede) is deur Elmarie hanteer.

Dan het die koektafels ook weer gekreun onder al die gebak tydens die afsluitingstee. Daar was selfs roomys (verskaf deur Dalena), om 'n proppie op te sit vir 'n baie aangename kampnaweek by Zelpy, waar ons geseën was met wonderlike sonskynweer.

Gegroet is julle almal, tot ons dit weer doen volgende maand by Almega.

Sieg.







Frans en Stefanie
180 Sreek toekenning


Tersia
STAND
No
39
Streek Meriete Toekenning


Helena
Stomp - 2023



Links bo: Elmarie en Magdaleen. Middel is die kampkoördineerders: Marietjie, Sieg, Tjaart en Annatjie. Regs bo is Marietjie, Tjaart en Elmarie met Tersia . Dan in die middle is Sieg en Elmarie.

Links onder: Elmarie en Gideon. Middel is Wim en Elmarie en Regs onder is Pieter le Roux, Elmarie en Tersia.

Almal is of verjardag maats of het baie jare se gelukkige jare van getroude lewe saam.

"Ons sien uit na nog baie jare se vriendskap en verjaardae saam met julle. Ons wens julle toe 'n fantastiese jaar!"



Bo: Die fikse stappers sommer so op die 4 X 4 roete.



Saam kuier onder die bome.

Links bo: Sieg, Annatjie en Pieter

Regs bo: Anne-marie, Hennie, Stefanie en Frans.

Middel Links: Hennie, Anne-Marie en Elmarie

Regs: Magdaleen

Middel Links: Sonja en Willem

Heel onder: Gaste van Roodekruin –

Francouis en Naomi.

(Fotos geneem deur Marietjie en Magdaleen)